# Dié vier gespikkelde boeties en sussies is weer (jaglui-)perdfris

Fanie van Rooyen

Wat 'n vreemde familie: vier jong jagluiperdboeties en -sussies (Sahara, Tosha, Sara en Getty) en mnr. Trevor Oertel – die mens-pa wat hulle met die hand grootgemaak het.

Dié ongewone "gesin", wat op die dorpie Vrede in die Vrystaat woon, het vandeesweek die tog na Pretoria aangepak sodat ál vier Oertel se "kinders" geopereer kan word.

"Ál vier die jagluiperds is ingeënt toe hulle nog welpies was. Gevolglik het al vier gewasse op hul boude ontwikkel waar hulle destyds vir die inenting ingespuit is. Hulle moes dus al vier geopereer word om die gewasse te kan verwyder," het mnr. Chris van Blerk, woordvoerder van die Universiteit van Pretoria (UP) se fakulteit veeartsenykunde op Onderstepoort, net buite Pretoria, gesê.

Sahara, Sara, Tosha en Getty, wat elk 11 maande oud is, is Dinsdag deur dr. Johan Marais van die Veterinêre Akademiese Hospitaal by Onderstepoort, verbonde aan dié fakulteit, geopereer.

Hulle is dieselfde dag terug na hul tuiste op Vrede en sterk volgens Oertel baie goed aan.

"Hulle is so sterk soos 101 Zoeloes," het Oertel gister gesê.

"Die meisiekinders is effens skaam want die helfte van hul 'broekies' is vir die operasie afgeskeer, maar behalwe dit gaan dit baie goed met hulle."

Hoewel dié vier groot katte, wat Maandag in Pretoria aangekom het, eintlik aan die South African National Birds of Prey Centre and Wild Life Sanctuary behoort, bly hulle volgens Van Blerk tans by Oertel.

Oertel het sy "kinders" met die hand grootgemaak nadat hulle destyds deur hul ma verwerp is.



**Mnr. Trevor Oertel, die mens-pa van vier 11-maande oue jagluiperds, speel met twee van sy "kinders" nadat hulle die vier operasies om groeisels te verwyder by die Veterinêre Akademiese Hospitaal van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde, by Onderstepoort net buite Pretoria, ondergaan het.**

**Foto: CHRIS VAN BLERK**

Naweek Beeld, 2007/07/07, p6